



'n Week later, het Noag weer 'n duif uitgestuur, die duif het hierdie keer met 'n vars olyfboom se takkie in sy bek terug gekom. Die volgende week het Noag geweet dat die aarde droog is toe die duif nie weer terug gekom het nie.

19



God het vir Noag gesê dit is tyd om uit die ark uit te gaan. Saam het Noag en sy familie die diere uit die ark uit laat gaan.

20



Noag moes baie dankbaar gewees het! Hy het 'n Altaar gebou en vir God aanbid. Omdat God hom en sy familie van die nare vloed gered het.

21



God het vir Noag 'n wonderlike belofte gegee. Dat hy nooit weer 'n vloed sal stuur om mense te straf vir hulle sonde nie.

God het 'n teken gegee om ons aan daardie belofte te herinner. Die reënboog is die teken van die belofte.

22



Noag en die Groot Vloed



Noag en sy familie het 'n nuwe begin gemaak na die vloed. Noag se nageslagte het weer die aarde volgemaak met mense. Alle nasies het van Noag en sy familie afgekom.

23

Noag en die Groot Vloed
 'n Storie uit God se woord, die Bybel,
 soos gevind in
 Genesis 6-10
 "Die lees van die Woord gee lig."
 Psalms 119:130

Geskryf deur Edward Hughes
 Ge-illustreer Byron Unger; Lazarus
 Vertaal deur Hannelie Niemandt
 Aangepas deur M. Maillot; Tammy S.
 Storie 3 van 60
 M1914.org
 Bible for Children, PO Box 3, Winnipeg MB R3C 2G1 Canada
 Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk
 maar u mag dit nie verkoop nie.

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!

Afrikaans



Noag het God aanbid. Al die Ander mense het vir God gehaat en was ongehoorsaam aan Hom.

1



Eendag het God iets skokkend vir Noag gesê "Ek gaan hierdie sondige wêreld verwoes." "Net jou familie sal luister en gered word."

2

God het Noag waarsku dat 'n groot vloed gaan kom wat die hele aarde gaan toemaak. Bou 'n hout ark, 'n groot boot sodat jy en jou familie en al die diere daar in kan bly.

3

Noag het gedoen wat God bevel het. God het vir Noag presies gesê hoe die ark gebou moet word. Noag was baie besig.

4

Die mense het vir Noag gespot, terwyl hy vir hulle vertel het hoekom hy die ark maak.

5

Maar Noag het aangehou bou. Hy het ook aangehou om vir die mense van God te vertel. Maar niemand het geluister nie.

6

Noag se geloof was groot. Hy het God geglo al het hy nog nie geweet wat reën is nie, omdat dit nog nooit vantevore op die aarde gerêen het nie.

7

Die Ark was uiteindelik gereed om alles in te laai.

8

Nou het die diere na die Ark gekom. God het hulle laat kom, die rein diere het sewe pare gekom en van die onrein diere net een paar.

9

Voëls groot en klein, groot diere en klein diere het na die Ark gekom.

10

Die mense het vir Noag gespot terwyl hy die diere elkeen op hulle plekke in die Ark laat ingaan het.

11

Hulle het nie opgehou om sonde teen God te doen nie en ook nie in die Ark ingegaan nie.

12

Uiteindelik was al die diere en die voëls in die ark. God het vir Noag gesê, "gaan jy en jou familie in die ark in."

13

Noag en sy vrou en sy drie seuns en hulle vrouens het ingegaan en God het die ark se deur gesluit.

14

Toe het die reën gekom. Dit het vir veertig dae en nagte gereën. Die vloed het oor die dorpe en die mense gespoel. Toe die reën stop was tot die berge onder water. Alles wat asemgehaal het was dood.

15

Soos die water hoër geword het het die ark bo-op die water gedryf. Dit moes seker donker in die ark gewees het mikien skrikkerig. Maar die Ark het vir Noag en sy Familie en diere veilig gehou.

16

Na vyf maande van vloed het God 'n wind gestuur om die aarde droog te waai. Eendag het die ark op 'n hoë berg wat se naam Ararat was gestop. Noag het nog verder vir veertig dae in die ark gebly om vir die water te wag om weg te gaan.

17

Noag het 'n kraai en 'n duif by die oop venster uitgestuur. Omdat die duif nie 'n droë plek kon kry om te rus nie het hy terug gekom na Noag en die ark.

18